Conquesta 2008

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)
Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika
Tel: (031) 764-1972 * Faks: (031) 764-0074 of 086 637 7808
E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com

Algemene Kennis – Graad 4

Welkom by Conquesta se Olimpiade. Ons vertrou dat jy dit baie sal geniet, en baie sal leer, terwyl jy lees en die vrae beantwoord. Nadat jy die inligting en die vrae noukeurig bestudeer het, moet jy 'n keuse maak. Sodra jy besluit het watter antwoord mees korrek is, moet jy die toepaslike blokkie volledig inkleur. Gebruik asseblief 'n 2B of B potlood vir hierdie doel. Indien jou antwoord vir Vraag 4 'c' is, moet die blokkie gemerk 'c' wat teenoor Vraag 4 verskyn, netjies ingekleur word. (Sien onderstaande voorbeeld). Kleur slegs een blokkie per vraag in en maak seker dat foute behoorlik uitgewis word sodat jou antwoord duidelik is.

Voorbeeld:-

4.	a	b	■	d

Wie?

1. Wie is die Ierse beskermheilige ('patron saint')?
(a) Sint George. (b) Sint Vincent. (c) Sint Patrick. (d) Sint David.

2. Wie het die toneelstuk 'Romeo en Juliet' geskryf?
(a) Charles Dickens. (b) Roald Dahl.
(c) William Shakespeare. (d) Robert Louis Stephenson.

3. Hierdie uitdrukking beteken 'Klein, maar sterk': "…… maar man." Watter woord ontbreek?
(a) Mossie (b) Muskiet (c) Meerkat (d) Meisie

4. Wie moes haar hare neerlaat sodat haar geliefde kom opklim om haar te sien?
(a) Sneeuwitjie (b) Juliet (c) Aspoestertjie (d) Rapunzel (Rapansie)

5. Wie gaan 'uit vir 'n nulletjie'?
(a) 'n Gholfspeler. (b) 'n Tennisspeler. (c) 'n Krieketspeler. (d) 'n Fietsryer.

Wat?

6. Wat is 'n gladiolus?
(a) 'n Insek. (b) 'n Blom. (c) 'n Spinnekop. (d) 'n Krygsman.

7. Wat is 'n serval?
(a) 'n Kat. (b) 'n Vis. (c) 'n Vlermuis. (d) 'n Kelner.

8. Wat is die naam wat aan 'n groep sterre gegee word?
(a) Skyn (b) Glinster (c) Sterrestelsel (d) Heelal

9. Wat vreet 'n omnivoor?
(a) Visse (b) Plante en diere (c) Plante (d) Insekte

10. Wat noem ons dit wanneer 'n nuwemaan tussen die son en die aarde verbygaan?
(a) Maanmodule (b) Sonmodule (c) Nuwemaan (d) Sonsverduistering

Waar?

11. Waar sou jy die iris en die horingvlies vind?
(a) In die brein. (b) In die oor. (c) In die oog. (d) In die voet.

12. Waar kan natuurlike pêrels gevind word?
(a) In 'n plant. (b) In 'n oester. (c) In 'n vis. (d) In 'n koraalrif.



13. Waar sou jy hiërogliewe vind?
(a) In Egipte. (b) In Japan. (c) In Suid-Amerika. (d) In China.

14. Waar het die Vikings vandaan gekom?
(a) Babilon (b) Egipte (c) Noorweë (d) Groenland